

28 April

Skrifgedeelte: Markus 14:1-11 (OAV)

Die Evangelie omhul deur Nardusgeur

Dis nie om dowe neute dat Markus die gebeure van ons Skrifgedeelte vermeld nie. Daarmee beklemtoon hy dat, terwyl die Sanhedrin in hulle sameswering hulp ontvang van iemand, 'n dissipel, Jesus op pad na die graf ook hulp ontvang van iemand – 'n vrou wat Hom ondersteun op sy pad na die dood. Uit Johannes se beskrywing weet ons dat hierdie vrou Maria, die suster van Lasarus en Martha, was. In Markus se weergawe val al die klem egter op haar optrede. Sy neem 'n albastefles met kosbare salf wat gemaak is van die blare van die nardusplantjie van Indië. Uit hierdie fles gooi sy nie maar 'n paar druppeltjies soos gebruikelik nie. Sy breek die flessie se nek en giet die totale inhoud oor Jesus se hoof uit. Die geur spoel in oordadigheid oor Hom en deurtrek sekerlik ook die hele huis. Soveel salf sou alleen gepas wees waar die reuk van dood en ontbinding verdryf moet word.

Die reaksie van die dissipels is te wagte. Hulle spreek haar skerp aan, want baie armes sou versorg kon word met die opbrengs uit so 'n fles. Jesus oordeel egter anders. Hierdie was geen verkwisting nie, maar 'n goeie daad. Die dissipels, wat begaan is oor die armes, wil doen wat hulle later ook kon doen. Sy doen egter wat later nie moontlik sou wees nie. Sy salf Jesus se liggaam by voorbaat vir die komende dood en begrafnis. Hierdie is dus geen verkwisting nie, maar 'n bewuste daad van eerbewys aan die Offerlam van God. Hierdie geur van die nardussalf vul van daardie oomblik af nie maar net Simon se huis nie, dit trek saam met die evangelie van Jesus se dood en opstanding tot aan die uiterste van die aarde. Oral word in herinnering geroep dat hierdie “dogter van Eva” die eerste was wat die sterwende Verlosser erken en geëer het. Is hierdie evangelie ook vir jou nog 'n lieflike geur wat lewe bring, of het die boodskap vir jou die muwwe reuk van die dood geword?

Sing: Psalm 23:1,3

Ds BC Smit (Brits-Wes)